

**SONDAG: 21**

**VRAAG EN ANTWOORD: 56**

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Wat glo jy van die vergewing van die sondes?			
Antwoord:. Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry,	1	2 Korintiërs 5:19	naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou.
		1 Johannes 1:7	Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
		1 Johannes 2:2	En Hy is `n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.
nooit meer wil dink nie. Uit genade wil Hy aan my die geregtigheid van Christus skenk	2	Psalms 103:3	Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees,
		Psalms 103:10	Hy handel met ons nie na ons sondes en vergeld ons nie na ons ongeregtighede nie.
		Psalms 103:12	So ver as die ooste verwyderd is van die weste, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons.
		Jeremia 31:34	En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.
		Miga 7:19	Hy sal Hom weer oor ons ontferm, ons ongeregtighede vertree; ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see werp.
		Romeine 7:23-25	maar ek sien `n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is. Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!
		Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.	
		Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.	
		Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.	
		Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees,	
		Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie	
		So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.	
		`n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: "Jy moet die Here dien" nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie.	
		Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak, U sal al hulle sondes in die diepsee gooi.	
		maar ek vind in my doen en late `n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my `n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is. Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde.	

sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie.	3	Johannes 3:18	Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.	Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.
		Johannes 5:24	Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe.	"Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.